

Eenheidsbelewenis in die Vroeë Christelike Kerk



SABBATMIDDAG

Leesverwysings vir hierdie week se les:

Handelinge 1:12–14, Handelinge 2:5–13, Openbaring 14:12, Handelinge 2:42–47, Handelinge 4:32–37, Handelinge 5:1–11, 2 Korintiërs 9:8–15.

Geheeteks:

“Hulle het hulle heelhartig toegelê op die leer van die apostels en die onderlinge verbondenheid, die gemeenskaplike maaltyd en die gebede” (Handelinge 2:42, NAB).

Kerkeenheid vloeit uit ’n gedeelde geestelike ervaring, naamlik dat Christus ons waarheid is. “Ek is die weg en die waarheid en die lewe. Niemand kom na die Vader toe behalwe deur My nie” (Joh. 14:6, NAB). Op die geloofspad wat ons saam aandurf en beleef, word hegte bande van samesyn gesmee. Dit is ook hoe die eerste Adventiste dit tydens die Milleritiese beweging beleef het. Hulle het die Groot Teleurstelling van 1844 saam deurgemaak, en het ook tesame na antwoorde begin soek. Dit het hulle nader aan mekaar gebring en saamgebind. Dit is dan ook hoe die Sewendedag-Adventistekerk ontstaan het, en hoe ons ’n belangrike waarheid – te wete die ondersoekende oordeel – ontdek en uiteindelik beter verstaan het. Die dissipels se ervarings na sy hemelvaart getuig van die krag wat in bybelstudie, in gebed, en in samesyn te vinde is; ’n krag wat eenheid en samehörigheid onder gelowiges van uiteenlopende agtergronde geskep het. Daardie selfde ervaring is ons ook beskore. “Ek hou vol dat die samesynbelewenis ’n beduidende deel van gesamentlike aanbidding is... Vir die Christen is daar geen plaasvervanger vir die geestelike band wat eenheid tussen gelowige en mede-gelowige, en tussen die gemeente en Christus self, moet bring nie... Eers trek die Heiland iemand na Hom toe, maar dit eindig nie daar nie. Dan verenig Jesus die bekeerling met sy liggaam, die gemeente” (Robert G. Rayburn, *O Come, Let Us Worship* [Grand Rapids: Baker Book House, 1980], bl. 91).

*Bestudeer hierdie week se les as voorbereiding vir Sabbat, 3 November.

'n Voorbereidingstyd

Op die vooraand van sy kruisiging spandeer Jesus tyd saam met sy dissipels. Tydens daardie gesprek belowe Hy om hulle nie in die steek te laat nie. Hy sê dat Hy die Trooster – oftewel die Heilige Gees – sal stuur, om hulle met die verkondiging van die evangelie te help. Die Gees sou hulle help om alles te onthou wat Jesus gesê en gedoen het (Joh. 14:26), en sou hulle help om nog waarhede te ontdek (Joh. 16:13). Op die dag van sy hemelvaart belowe Jesus dit weer. “Julle sal binne ’n paar dae met die Heilige Gees gedoop word... Maar julle sal krag ontvang wanneer die Heilige Gees oor julle kom” (Hand. 1:5, 8; NAB). Daardie mag wat die Heilige Gees aan hulle moes gee, sou hulle in staat stel om getuies in Jerusalem, Judea en Samaria te wees – selfs tot in die uithoeke van die aarde (Hand. 1:8).

Lees Handeling 1:12–14. Wat het die dissipels gedurende daardie tien dae lange voorbereidingstyd gedoen?

'n Mens kan jou indink dat daardie tien dae 'n tydperk van diepgaande geestelike voorbereiding was, 'n soort ontrekking aan die wêreld; waartydens hulle hul herinnering oor Jesus, sy dade, sy leer en sy wonderwerke oor en weer gedeel het. Hulle het “eendragtig volhard in gebed en smeking” (Hand. 1:14, OAB).

“Terwyl die dissipels op die vervulling van die Jesus se belofte wag, verootmoedig hulle hulself voor die Here. Opreg bely hulle hul sondes en ongeloof. Hulle dink ook aan die dinge wat Christus voor sy dood aan hulle gesê het, en begin om dit beter te verstaan. Waarhede waarvan hulle reeds vergeet het, kom weer by hulle op; wat hulle dan met mekaar deel. Dit voel asof hulle hulself kan skop vir hul mistastings oor die Messias. In hul verbeelding sien hulle al die wonderlike tonele uit Jesus se lewe, soos 'n reeks vlotte in 'n stoet. Terwyl hulle so sy suiwer en heilige lewe sit en bepeins, besef hulle: Niks is te veel moeite nie, geen opoffering te groot nie – ons móét eenvoudig in woord en daad van Christus en sy lieflike karakter getuig! Kan ons nie maar teruggaan en die afgelope drie jaar oordoen nie? Ons sal dit heeltemal anders doen! Hulle sug en dink: As ons net die Meester weer kan sien, kan ons ons opregte liefde aan Hom betoon, kan ons wys hoe opreg jammer ons oor elke handeling en elke woordjie van ongeloof is! Tog vind die dissipels vertroosting in die vergifnis van God. Hulle neem hulle voor, om sover moontlik, daarvoor op te maak deur die wêreld in te gaan en moedig vir Jesus te getuig... [So] sit hulle [dan] al hul meningsverskille opsy, so-ook die begeerte om koning te kraai, en kom in die hegte band van Christelike samesyn byeen” (Ellen G. White, *The Acts of the Apostles*, bl. 36, 37).

Watter dinge in jou geloofslawe sou jy graag wou oordoen? Hoe help spyt 'n mens om 'n beter toekoms te bou?

Van Babel tot Pinkster

Die tyd van geestelike voorbereiding na Jesus se hemelvaart lei uiteindelik tot Pinkster, en al die gebeure wat hom daardie dag afgespeel het. Die eerste vers van Handeling 2 sê vir ons wat net voor die uitstorting van die Heilige Gees gebeur het: Al die dissipels het bymekaargekom en was “eendragtig bymekaar” (OAB). In die Ou Testament was die Joodse Pinkster die tweede van ’n reeks van drie groot feeste, en bywoning was verpligtend vir elke manlike Jood. Dit word vyftig dae na Pasga gevier (n.a.v. die Grieks, pentekoste, die vyftigste dag). By daardie geleentheid het die Jode die eerste opbrengs van die somersoes as ’n dankoffer aan die Here bring. Waarskynlik het die Joodse Pinksterfees in Jesus se tyd ook ’n ander komponent bygekry – die herdenking van die gee van die tien gebooië op Sinai (Eks. 19:1). Dit toon ’n voortsetting van God se wet. Dit is so belangrik dat dit selfs deel van die ontluikende Christelike geloof word. Jesus se kruisdood is immers ’n soenoffer vir ons oortreding van God se wet. Dit verklaar hoekom een van die sleutelverse aangaande die eindtyd leer, die wet en die evangelie in dieselfde asem noem: “Hier kom die lydsaamheid van die heiliges te pas; hier is hulle wat die gebooië van God en die geloof in Jesus bewaar” (Op. 14:12, OAB). Net soos met die gee van die tien gebooië op Sinai (Eks. 19:16–25, Heb. 12:18), het daardie Pinkster ook met bonatuurlike gebeure gepaardgegaan. “Skielik was daar ’n geluid uit die hemel soos van ’n geweldige stormwind, en dit het die hele vertrek gevul waar hulle gesit het. Hulle het iets soos vuur gesien wat in tonge verdeel en op elkeen van hulle gekom het. Almal is met die Heilige Gees vervul en hulle het in ander tale begin praat soos die Heilige Gees dit aan hulle gegee het om onder sy leiding te doen” (Hand. 2:2–4, NAB).

Lees Handeling 2:5–13. Hoekom is hierdie wonderbaarlike gebeurtenis van sulke groot belang?

Pinkster was veronderstel om ’n dag van vreugde te wees, ’n dankseggingsfees vir die oorvloed wat God sy kinders geskenk het. Miskien is dit die rede vir die vals aantygings van dronkenskap (Hand. 2:13–15). Die mag van God blyk veral uit twee wonderwerke – die praat en hoor van uiteenlopende tale. Jode, wat van regoor die Romeinse ryk gekom het om die fees by te woon, het die blye boodskap oor Jesus die Messias in hul eie tale gehoor. Op ’n unieke wyse help Pinkster om die prosesse wat met mening by die toring van Babel begin het, te wete die verstrooiing en etniese verdeling van die skeppingsgesin, ongedaan te maak. Genade – die groot gawe van bo – begin die hereniging van daardie gesin. Die eenheid van God se kerk op wêreldvlak toon aan elke mens waarom die koninkryk van die hemel gaan – die herwinning van die menslike eenheidsbelewenis na die Babelse verwarring.

Eenheid in samesyn

In antwoord op Petrus se verlossingsboodskap en sy gevolglike oproep, kom 3,000 mense tot bekering. Hulle aanvaar Jesus as die Messias, as die vervulling van die Ou-Testamentiese belofte aan Israel. So het die Here dan in al daardie mense se harte gewerk. Die feesgangers het van heinde en verre gekom. Baie van hulle het van Jesus te hore gekom en party het selfs gehoop dat hulle Hom daarso sou sien. Ander het Hom al vantevore gesien en sy verlossingsboodskappe gehoor, maar het nog nie 'n vaste besluit geneem om Hom te volg nie. Die gebeure by die Pinksterfees kom dus op 'n goddelike ingegryping neer – die Gees raak oor die dissipels vaardig, waarna hulle van Jesus se opstanding getuig. Skielik kom hulle tot die besef: Deur Jesus te bely, ontvang die sondaar vergifnis (Hand. 2:38).

Lees Handeling 2:42–47. Waarmee het die eerste Christene hulle as 'n gemeenskap van gelowiges besig gehou? Hoe is daardie eenheidskeppende samesynsbelewens teweeggebring?

Let veral op die Pinkster-bekeerlinge se eerste gemeenskaplike aktiwiteit: Die bestudering van die apostoliese leer. Bybelonderrig is 'n belangrike manier om geestelike groei by nuwe gelowiges aan te wakker. In sy sending van die 12 gebied Jesus sy dissipels: “Leer hulle om alles te onderhou wat Ek julle beveel het” (Matt. 28:20, NAB). Die nuutgevonde kerk se Jesus-kennis het juis via die apostels gekom. Die bekeerlinge het bes moontlik van Jesus se lewe en bediening; sy preke, gelykenisse en lesse; en ook van sy wonderwerke te hore gekom – en nou wys die apostels vir hulle hoekom Jesus die vervulling van die Joodse Wet, Wysheidsgeskrifte en Profete is. Die nuwe gelowiges het ook tyd in gebed deurgebring en het van huis tot huis “die gemeenskaplike maaltyd” genuttig (Hand. 2:42, 46; NAB). Ons weet egter nie of laasgenoemde op die heilige nagmaal of bloot gemeentetes dui nie. Die “onderlinge verbondenheid” suggereer 'n intieme en diepgaande band. Die nuutgevonde kerk het immers gereeld en so dikwels as moontlik tyd saam gespandeer – beide in die tempel in Jerusalem, wat steeds hul plek van aanbidding en gebed was, asook in lidmate se privaat wonings. Die eerste Christene het dus saam geëet en gebid. Gebed is onontbeerlik in 'n geloofsgemeenskap, 'n deurslaggewende element waarsonder geestelike groei nie moontlik is nie. Duidelik het God se nuutgevonde kerkgesinnetjie ook saam aanbid. Ons lees dat hulle dit “getrou” gedoen het (NAB). Hierdie volgehoue “onderlinge verbondenheid” het die gelowiges in goeie guns by die mense van Jerusalem gebring. In dié verband sê die Bybel: “Die hele volk was hulle goedgesind” (Hand. 2:47, NAB). Die Heilige Gees het ongetwyfeld deur hulle gewerk en het 'n positiewe invloed op die mense om hulle gehad – 'n kragtige getuienis ten gunste van die waarheid, van Jesus as Messias.

Wat kan jy en jou plaaslike gemeente uit die eerste Christene se voorbeeld leer?

Wat sê dit vir ons oor eenheid, samesyn en om vir Jesus te getuig?

Inhalig of vrygewig?

Een van die natuurlike uitvloeisels van die hegte samesynsband onder Jesus se volgelinge, en wat kort na Pinkster te voorskyn gekom het, is die feit dat hulle mekaar ondersteun het. Lukas skryf: “Al die gelowiges was eensgesind en het alles met mekaar gedeel. Hulle het hulle grond en besittings verkoop en die geld aan almal uitgedeel volgens elkeen se behoefte” (Hand. 2:44, 45, NAB). Hierdie deel van gemeenskaplike besittings was nie verpligtend nie. Dit was bloot ’n uitvloeisel, ’n vrywillige gebaar, waarmee hulle aan die liefde wat hulle binne die samesynsband ervaar het, uiting wou gee. Boonop was dit ook ’n tasbare uitdrukking van hul eenheid. Hierdie vorm van wedersydse ondersteuning het vir ’n geruime tyd voortgeduur, en word in groter detail in Handeling 4 en 5 beskryf. Dit is ook ’n tema wat elders in die Nuwe Testament beskryf word, soos ons aanstons sal sien. Dit is binne die konteks van dié soort wedersydse ondersteuning dat ons die eerste maal met Barnabas kennis maak. Klaarblyklik was hy ’n ryk grondbesitter. In ’n stadium verkoop hy sy eiendom ten bate van die gemeenskap, en neem die geld na die apostels (Hand. 4:36, 37). Barnabas word as ’n rolmodel uitgebeeld.

Lees Handeling 4:32–37 en 5:1–11. Vergelyk die gedrag en houdings van Barnabas met dié van Ananias en Saffira. Watter groot fout het hierdie paartjie begaan?

Sonder om te blik of te bloos, jok Ananias en Saffira vir die Heilige Gees, gedrag wat van pure onmededeelsaamheid en hebsug getuig. Wanneer dit by dinge kom wat die samesynsband en broederliefde in die wiele ry, is self- en hebsug seker voor in die koor. As Barnabas ’n goeie voorbeeld van die vroeg-Christelike kerk se samehorigheidsgees is, dan is Ananias and Saffira net mooi die keersy. Hier speel Lukas oop kaarte, deur nie swak gedrag en rolmodelle weg te steek nie. In die tien gebooie (Eks. 20:1–17) is die laaste een duidelik anders as die res. Die ander praat oor daad wat ’n sigbare oortreding van die Godsplan vir die mens is, maar die tiende gebod gaan oor sonde in die hart. Om ander se besittings en geliefdes te begeer, is nie ’n uiterlike daad nie, maar ’n manier van dink. Dit kom neer op hebsug, m.a.w. om net te wil hê. Dit het ook ’n maatjie, selfsug – om net te wil hê soos jy dit wil hê. Beide is versteekte sondes, hoe die sondige mense van binne is. ’n Mens sien dit eers wanneer iemand woord by daad voeg, deur selfsugtig op te tree, soos dit hier met Ananias en Saffira die geval was. In ’n sekere sin dui die laaste gebod op die wortel van alle kwaad. Dit bring al die ander sondige handeling wat deur die ander gebooie veroordeel word, voort. Met Ananias-hulle se hebsug het hulle die Satan ’n inkomkans gegee, totdat hulle vir God gelieg het. Dit stem grootliks ooreen met Judas se hebsug en die tragiese gebeure waartoe dit gelei het.

Op watter maniere kan ons die begeerte na ander se besittings en geliefdes – m.a.w. na hebsug en selfsug – in ons eie lewens hok slaan? Dink net aan alles wat jy reeds het, waaroor jy die Here kan loof en prys. Hoekom is dit so ’n kragtige teenmiddel teen hebsug?

Dink aan die armes

Die deel van hulpbronne was deel van die vroeg-Christelike kerk en 'n algemene uitdrukking van hul diepe samesynsbelewenis. Die vrygewigheid waarvan 'n mens aan die begin van Handeling 11 lees, vind weerklank in die beroep wat Paulus op die gemeentes doen wat hy in Masedonië en Agaje gestig het: Hy vra mooi dat hulle iets vir die armsorg in Jerusalem moet bydra (lees Hand. 11:27–30, Gal. 2:10, Rom. 15:26, 1 Kor. 16:1–4). Daardie donasies simboliseer iets tasbaars: Dat die destydse gemeentes, wat hoofsaaklik uit nie-Jode bestaan het, hul Joods-gebore broeders en susters in Jerusalem gekoester en liefgehad het. Ten spyte van die feit dat hulle van verskillende kulture en etniese groep kom, is hulle een liggaam in Christus, met 'n gemeenskaplike evangelie. Hierdie bereidwilligheid om met die behoeftiges te deel, het 'n tweeledige gevolg: Nie net weerspieël dit daardie gemeentes se eenheid nie, dit verstewig dit ook.

Lees 2 Korintiërs 9:8–15. Watter uitwerking sal die Korintiërs se vrygewigheid volgens Paulus hê?

Die eenheid wat die vroeg-Christelike kerk beleef het, toon waartoe die moderne kerk in staat is. Daardie eenheid was iets waartoe almal in die destydse gemeentes hulle moes verbind. Die koestering van eenheid in Christus – dit was die eerste Christelike gemeenskap se leiers se groot strewende. Die liefde tussen 'n man en vrou, en tussen ouer en kind, verg 'n daaglikse en doelbewuste toewyding. Net so is dit met eenheid onder gelowiges. Die eenheid wat ons in Christus het, vind weerklank en kry stukrag op 'n aantal maniere. Die elemente wat eenheid in die vroeg-Christelike kerk meegebring het, is duidelik sigbaar – gebed, aanbidding, samesyn, 'n gemeenskaplike stewe, asook bybelstudie. Eerstens het hulle hul roeping verstaan, naamlik om die blye boodskap aan die ganse wêreld te verkondig. Wat meer is, dat wedersydse liefde en koestering vir die gelowige verpligtend is. Dit was 'n eenheid in die vorm van vrygewigheid en wedersydse ondersteuning; wat nie net binne die plaaslike gemeente uiting gevind het nie, maar ook tussen gemeentes, selfs al was hulle bitter vêr van mekaar af.

Op watter maniere het jy en jou gemeente al die voordele van vrygewigheid teenoor ander ervaar? Met ander woorde: Watter seëninge ontvang 'n gemeente wanneer die lede ander mense bystaan?

Vir verdere studie:

Ellen G. White, “Pentecost,” bl. 35–46, in die boek *The Acts of the Apostles*.

“Die mildadigheid van die gelowiges [waarvan ’n mens in Hand. 2:44, 45 en 4:32–35 lees] is deur die uitstorting van die Heilige Gees teweeggebring. Daardie bekeerlinge was ‘was een van hart en siel’ [NAB]. Hulle het ’n gemeenskaplike strewe as dryfveer gehad – om die sending wat aan hulle toevertrou is, te volvoer – ’n sending waarin hebsug geen plek gehad het nie. Broeder- en susterskap en die evangelie – dié het hulle liefgehad, en nie geld of besittings nie. Hulle doen en late is ’n stille getuienis dat die mens [en sy/haar ewige lot] meer as aarde rykdom beteken. “Oral waar die Gees van God oorneem, is dit so. Elkeen wat oorloop van die Verlosser en sy liefde, sal Jesus se voorbeeld volg – wat ter wille van die mens arm geword het sodat ons daardeur verryk kon word. Tyd, geld, invloed – ja, al die genadegawes wat God ons skenk – beteken slegs iets wanneer dit ten bate van die evangelie ingespan word. Dit is hoe dit in die vroeg-Christelike kerk was. Wanneer ander kan sien dat gelowiges onder ingewing van die Heilige Gees wêreldsgoed opsyskuif, en dat hulle bereid is om opofferings te maak sodat ander die blye boodskap kan ontvang, sal daardie verkondigde waarhede ’n kragtige uitwerking op diegene hê wat dit aanhoor” (Ellen G. White, *The Acts of the Apostles*, bl. 70, 71).

Vrae vir bespreking:

1. Hersien ’n bietjie die faktore wat eenheid in die vroeg-Christelike kerk meegebring het. Dink aan die soort eenheid wat hulle beleef het. Hoe kan die kerk iets soortgelyks vermag? Anders gestel: In watter opsigte faal ons, gemeet aan die destydse gelowiges?
2. Die vroeë Christelike kerk het vrylik vir die armsorg in Jerusalem gegee. Watter lesse kan die moderne kerk uit hulle liefdadigheid leer? Bied dit ’n mens ook stof tot nadenke vir die ander maatskaplike kwessies waarmee ons vandag te kampe het? Op watter maniere kan die gemeente by die plaaslike gemeenskap betrokke wees ten einde armoede te bestry en in hul basiese behoefte te voorsien?
3. Dink aan ’n paar lesse wat ons uit die tragiese verhaal van Ananias en Saffira kan leer? Lees Handeling 5:5 en 5:11. Na die dood van Ananias en Saffira het daar klaarblyklik ’n “groot vrees” oor die ganse kerk gekom? Hoekom is dié sinsnede so belangrik?

Opsomming: Die vroeg-Christelike kerk het ongekende groei getoon omdat Jesus se dissipels hulself doelbewus vir die beloofde uitstorting van die Heilige Gees voorberei het. Met hul hegte samesyn en gemeenskaplike geloof het die Gees hulle op Pinksterdag voorberei. Na Pinkster het die Heilige Gees die transformasie van die nuutgevonde gemeenskap voortgesit, wat blyk uit hul wedersydse vrygewigheid en snelle groei.